

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-  
AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**No. 243**

**God is Groot!**

**Vertel dit vir almal**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## WAAROM BESTAAN JY?

Dis 'n vraag waarvoor geen mens kan weghardloop nie:

- Wat maak jy eintlik in hierdie wêreld?
- Waarom is jy hier?
- Wat is die sin van jou bestaan?

Ja, al die swoeg en gesweet net om uiteindelik eendag maar kop neer te lê, en ander gaan met jou "skatte" heen?

Die lewe SELF en die omstandighede van die lewe laat ons elke keer weer opnuut hierdie vrae vra. Dit gebeur veral wanneer ons groot mislukkings of teleurstellings deurgaen, soos byvoorbeeld:

- As jou **ideale** een na die ander verdwyn;
- As jou **loopbaan** afstuur op 'n ramp . . . rasionalisasie;
- As die **verhouding** waarvan jy so baie verwag het 'n verkeerde koers inslaan;
- As die **een** wat jy met jou lewe vertrou het, jou letterlik in die rug steek

Dan wonder 'n mens: **Is die lewe die moeite werd?**

Wat maak ek nou eintlik in hierdie wêreld?

JY is nie die **eerste een** wat hierdie vrae vra nie . . .

Eeue voor Christus se geboorte was daar al 'n wyse koning in Jerusalem wat hom juis met hierdie vrae besig gehou het:

- Wat maak die mens se lewe die moeite werd?
- Waar sal die mens tog die sin van die lewe gaan soek?

(Jy kan gerus 'n tydjie inruim en die boek wat hierdie wyse koning hieroor geskryf het, gaan lees. Die boek is deel van die Bybel – God se Boek – en die titel is "Prediker". As jy egter min tyd het, lees dan net eers hoofstuk 2 daarvan)

Met al die mag en middele tot sy beskikking het hierdie koning na antwoorde op al hierdie vrae begin soek.

- Hy het byvoorbeeld gaan kyk of hy nie dalk die sin van die lewe kan kry in baie **vreugde** en gelag nie . . .
- Of lê dit dalk in harde en suksesvolle **werk**?
- Of in groot **rykdom**?
- Of in die skone kunste en **kultuur**?

- Of is die mens se lewe dalk sinvol as jy baie **mag** en invloed het?
- Of baie kennis en **wysheid**?

En hierdie koning het nie net oor al hierdie dinge gedink nie . . .

- Hy't hierdie dinge self gaan doen en gaan verwerf

Weet jy wat sy konklusie was? Jy gaan geskok wees!

Hy het bevind dat hy al hierdie dinge **verniet gedoen en verwerf het.**

In al hierdie dinge was daar geen sin in die lewe te vind nie!

Elke keer – sê hy – as hy gedink het:

NOU het ek dalk iets beet wat sin gee aan die lewe en dit die moeite werd maak, dan moes hy tog maar weer agterkom dat hy wind nagejaag het . . . leegheid . . . niks . . . alles tevergeefs . . .

'n Verskriklike konklusie, nie waar nie?

Maar tog, 'n baie eerlike konklusie!

Natuurlik = **WANT DIE BYBEL IS 'N EERLIKE BOEK!**

Die Here praat in die Bybel reguit en eerlik met elke mens. God draai nie doekies om nie. En weet jy hoekom die Prediker nie die sin van die lewe kon kry nie? Omdat hy doelbewus die fout van die mens aan ons wil uitwys – 'n fout wat elke mens keer op keer maak.

En dit is: 'n Mens soek na die sin van alles op hierdie ou wêreld, hier duskant die graf.

En verder soek die mens die sin van die lewe in homself en in sy naaste en in sy omstandighede.

En God?

Nee kyk, God word in die soeke na die sin van die lewe buite rekening gelaat.

En as God nog in die prentjie kom, word die fout by Hom gesoek! Maar juis dit is die punt van hierdie wyse koning van die Predikerboek:

ELKE mens se lewe **SONDER GOD:**

- bly tevergeefs
- bly leeg
- bly sinloos . . .

En as jy dan wil soek na die sin van jou lewe, soek dit dan by God en in Sy bestaan.

Sonder die Vader in die hemel gaan jou lewe ook leeg, nutteloos en sinloos BLY!

Wonder jy waarom jy bestaan?

Waarom jy eintlik hier is?

Waarom sekere dinge in jou lewe gebeur of dalk NIE gebeur nie?

Moenie langer vir die antwoord op hierdie vrae wag nie.

- **Kom na die Here toe en na Sy Woord, die Bybel;**
- **Kom na Sy huis, die Kerk;**
- **Kom na Sy “plan”, die verlossingsplan in Christus.**

By Hom is al die antwoorde en in Sy teenwoordigheid kry alles blywende en ewige sin.

**KOM!** Die pad is oop.....

Aan die kruis van Golgota – bykans 2000 jaar gelede – het Jesus Christus dit ook vir JOU moontlik gemaak om die sin van alles raak te sien.

**KOM!**

Die Heilige Gees sal jou lei . . . deur die Bybel

**KOM!**

Die Heilige Gees sal jou lei deur die Kerk

**KOM!**

Die Heilige Gees sal jou lei . . . met jou oë toe . . . op jou knieë . . . in gebed!

---

## MY GELD . . . MY GOD

Is dit nie wat met jou gebeur het nie?

- Eers het jy net hard gewerk om genoeg geld te kan hê
- Toe het geld, so ongemerk, al hoe belangriker begin word.
  - Dit het 'n al hoe groter rol in jou lewe begin speel.
  - Dit het, hoe langer hoe meer, die spil begin word waarom al jou planne en al jou aktiwiteite draai.
- Die volgende stap was dat jy, in die proses om meer geld te maak, begin het om dinge te doen wat eintlik teen jou beginsels was.
  - Eers was dit net klein dingetjies, 'n witleuntjie hier en 'n verswyginkie daar, en dit het jou toe nog gepla!
  - Met verloop van tyd, het hierdie oortredings al hoe groter geword, al hoe meer deel van jou daaglikse lewe, terwyl jy dit reggekry het om die skuldgevoelens al hoe meer te onderdruk!
- Terselfdertyd het 'n klomp ander dinge in jou lewe begin **agteruitgaan**:
  - jou huwelik,
  - jou gesinslewe,
  - jou algemene gedrag,
  - jou godsdiens . . .
- Totdat jy vandag heeltemal vasgevang is in hierdie meedoënlose gejaag na geld. En die ergste van alles is dat jy jouself oortuig het dat dit goed is so, en dat dit in elk geval nie anders kan nie . . .

As die stukkie hierbo jou lewe beskryf, is jy eintlik 'n baie godsdienstige mens – afgodsdienstig!

- Jy is 'n flukse Mammon-aanbidder.
- Jou kantoor/besigheid is sy tempel.
- Jou gesondheid,
- Jou huwelik, jou gesin, jou sielerus

### Die offers wat hy vra . . . !

Hoe goed ken die Here ons nie! Een van Sy woordvoerders het eeue terug al geskryf: **“Geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad.** Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal . . . “(1 Tim 6: 10)

As jy 'n Mammon-aanbidder is, of dalk oppad om een te word, moet jy weer 'n keer aan die volgende dinge dink:

- Geen mens kan God en Mammon tegelykertyd dien nie (Mat 6:24),
- Rykdom is gevaarlik. Dit laat mense dink dat hulle sonder God kan klaarkom.
  - Daarom – so sê die Here Jesus self – sal 'n ryk mens moeilik in die koninkryk van die hemel kom (Mat. 19:23)
- Waarom sal ons, ons hele lewe en al ons verhoudings opoffer vir brood wat nie regtig versadig nie? (Jes. 55:2)  
Vir skatte wat deur motte gevreet kan word, deur roes verniel kan word, deur diewe gesteel kan word? (Mat. 6:19)
- Waarom sal ons vroeg opstaan en laat opbly en ons morsdood bekommer oor dinge wat die Here vir sy kinders as't ware in hulle slaap sal gee . . . ?  
(Ps. 127 en Mat. 6: 28 – 33)

Jy vra dalk nou wat jy dan moet maak om weer die eintlike rykdom te kan geniet?

- Jy moet die Here eerstens vra om jou te vergewe, want om Mammon te dien, is afgodery. Baie verfynd, waarskynlik onbedoeld, maar tog afgodery . . .
- **Jy moet glo dat Hy jou sal vergewe**, omdat die Here Jesus Christus met ons skuld op Hom, klaar vir ons die straf van God gedra het.
  - Hy het tog, so leer die Skrif ons in 2 Kor 8:9, hoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword, sodat ons deur Sy armoede ryk kan word!
- **Jy moet jou laat lei deur die Heilige Gees.**
  - Hy maak ons harte nuut.
  - Hy leer ons in die Bybel om weer God se prioriteite vir ons lewens te verstaan.
  - Hy help mense wat skeef geloop het, om weer die regte koers te kry.
  - So bring Hy weer vrede in ons lewens.

Wil jy nie weer die ware rykdom geniet nie . . . ?

**Die rykdom van geloof in Christus!**

---

## ONS GROOT PROBLEEM

Het jy al gedink wat is jou grootste problem in hierdie lewe? Is dit depressie, spanning of miskien gejaagdheid? Ons gee ons probleme soms sulke mooi name. **Maar wat is ons kernprobleem?** As God hierdie wêreld verlos, raak Hy ons mense se kernprobleem aan. **Ons kernprobleem is ons sonde.** Die engel van God het vir Josef gesê dat hy die verlosser Jesus moes noem, “want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos”. Die apostel Paulus lig uit waarom Jesus in die wêreld gekom het, naamlik om sondaars te red. (1 Tim 1:15).

Hoekom is ons sonde so ‘n probleem?

Omdat ons sonde **ons van God vervreem het.** God het die mens gemaak met die doel dat die mens Hom sou verheerlik. Sonde het die doel van God verydel. In plaas daarvan om sy Skepper te vereer trek die mens die Naam van sy Skepper deur die modder. Omdat God so volmaak en regverdig is, kan Hy nie anders as om baie kwaad vir ons as mense te wees nie. Hy MOET ons sonde straf. Die vervreemding tussen God en mens het by Adam en Eva in die Paradys ontstaan. Nadat hulle aan God ongehoorsaam was, het hulle vir God gevlug. Hulle het geweet dat hulle verhouding met God nie meer reg is nie. En net so beleef gelowiges vandag nog die sonde as vervreemding. Volgens Psalm 38:19b bely die Psalmskrywer sy ongeregtigheid en sê dat sy sonde hom kwel. God is die gewer van die ware lewe en van alles wat goed is – sonde bring ‘n muur tussen my en God.

- Sonde het gemaak dat ons geestelik dood is.
- Sonde maak dat ons die doel van ons lewens mis.
- Sonde maak dat ons lewe leeg en hol word. Daar is dan vir ons nie meer betekenis in die lewe nie. ‘n Doellose lewe maak dat ons nie meer weet wat is werklik belangrik en wat minder belangrik is nie – dan word ons lewe ‘n doellose gejaag.
- Sonde bring ons voor God se toorn as mense wat die ewige dood verdien, selfs as ons maar net een van Sy gebooie oortree het.

Ons kernprobleem is ons sonde. Is daar nou ‘n antwoord vir ons probleem?

**Net God het die antwoord.** Hy het Jesus Christus juis gestuur om die vyandskap tussen ons en God, wat deur die sonde ontstaan het, te oorbrug. Jesus Christus het vrede tussen ons en God kom maak. Hy het Sy lewe afgelê aan die kruis van Golgota om vir ons sondes te betaal. Aanvaar dan God se vrede!